**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING**

**Appèl Nr. : A302/2004**

In die appèl tussen:-

**CHARLES MAKGASANE** 1ste Appellant

**HENDRIK DIBA** 2de Appellant
**REGINALD SEJANAMANE** 3de Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* HANCKE R *et* VAN DER MERWE R

---

**AANGEHOOR OP:** 24 OKTOBER 2005

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN DER MERWE R

---

**GELEWER OP:** 27 OKTOBER 2005

---

[1] Voortspruitend uit 'n rooftog waartydens die slagoffer ernstig verwond is met 'n 9 mm pistool, is al drie die appellante deur Buys R skuldig bevind op vier aanklagte te wete:

Aanklag 1: Roof met verswarende omstandighede.
Aanklag 2: Poging tot moord.
Aanklag 3: Besit van 'n vuurwapen sonder 'n lisensie in stryd

met artikel 2 van Wet 75 van 1969.

Aanklag 4: Onwettige besit van ammunisie vir daardie vuurwapen.

Vervolgens is elk van die appellante gevonnis tot 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf op aanklag 1, tot 17 (sewentien) jaar gevangenisstraf op aanklag 2 en tot 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf op aanklagte 3 en 4, saamgeneem vir doeleindes van vonnis. Voorts is ingevolge artikel 280 van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977, gelas dat die vonnisse op aanklagte 3 en 4 samelopend uitgedien moet word met die vonnisse op aanklag 1.

[2] Op 11 September 2003 het Malherbe RP in die afwesigheid van Buys R verlof om na die Volle Hof van hierdie Afdeling te appelleer verleen aan 1ste appellant en 3de appellant ten aansien van hul skuldigbevindings op aanklagte 3 en 4 en aan al drie appellante wat betref hul vonnisse op aanklagte 3 en 4.

[3] Ons is deur Mnr. Pretorius meegedeel dat hy opdrag hou slegs namens die eerste en tweede appellante. Die derde

appellant het dus nie in persoon of deur regsverteenwoordiging aan die aanhoor van die appèl deelgeneem nie. Vir die redes wat volg, moet die derde appellant se appèl ten volle slaag ten opsigte van al die aangeleenthede ten aansien waarvan verlof om te appelleer aan hom verleen is. Gevolglik ag ek dit in belang van die regspleging en van die derde appellant dat sy appèl dienooreenkomstig afgehandel word. Hierdie Hof sou in ieder geval so kon doen ingevolge die bepalings van artikel 304(4) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977.

[4] Dit blyk uit die getuienis dat slegs 2de appellant in fisiese besit van die onderhawige 9 mm pistool was. Gevolglik is die vraag of 1ste appellant en 3de appellant gesamentlik met 2de appellant in besit was van die vuurwapen. Dit behels bewys bo redelike twyfel van eerstens dat die 1ste appellant en die 3de appellant die bedoeling gehad het om die vuurwapen deur die 2de appellant te besit en tweedens dat die 2de appellant die bedoeling gehad het om die vuurwapen ook namens die 1ste appellant en die 3de appellant te besit.

Sien in hierdie verband **S v MBULI** 2003 (1) SASV 97 (HHA) op 114 f – 115 i.

[5] Die enigste bewysmateriaal op rekord in hierdie verband is die klaarblyklik korrekte bevindings dat die rooftog deur die drie appellante vooraf beplan was en dat die 1ste appellant en die 3de appellant bewus was daarvan dat die 2de appellant vir daardie doel met die vuurwapen bewapen was. Hiervan kan egter, na my oordeel, nie bo redelike twyfel afgelei word dat die appellante die bedoeling gehad het om die vuurwapen gesamentlik te besit nie. Die redelike moontlikheid dat slegs die 2de appellant in besit en beheer van die vuurwapen sou wees en was, kan nie uitgesluit word nie. Sien **S v MBULI**, *supra* en **S v NKOSI** 1998 (1) SASV (W) op 287 j en verder. Dit volg dat die skuldigbevindings van die 1ste appellant en die 3de appellant op beide aanklagte 3 en 4, tersyde gestel moet word.

[6] Volgens die getuienis het die onderhawige 9 mm pistool semi-outomatiese werking gehad. Gevolglik was die verhoorhof van oordeel dat ingevolge artikel 51(2)(a) van die Strafregwysingswet, Nr. 105 van 1997, 'n minimum vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf voorgeskryf is vir aanklag 3. In **S v SUKWAZI** 2002 (1) SASV 619 (N) is bevind dat die wetgewer nie bedoel het dat die minimum vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf deur Wet 105 van 1997 voorgeskryf vir besit van 'n semi-outomatiese wapen, van toepassing moet wees op besit van 'n pistool sonder 'n lisensie soos bedoel in artikel 2 van Wet 75 van

1969 nie, al sou daardie pistool semi-outomatiese werking hê of as ‘n semi-outomatiese vuurwapen beskryf kon word. In **S v KHONYE** 2002 (2) SASV 621 (T) is langs ‘n ander weg tot dieselfde gevolgtrekking gekom. Sien ook **S v MOOLEELE** 2003 (2) SASV 255 (T). Ek is dit met eerbied eens met die beredenering in **S v SUKWAZI**, *supra* tot die effek dat die toepassing van die minimum voorgeskrewe vonnis vermeld in artikel 51(2)(a) van Wet 105 van 1997 op ‘n semi-outomatiese pistool, selfs een van .22 kaliber, maar nie op ‘n rewolwer van veel groter kaliber of ‘n haelgeweer met ‘n pompaksie nie, ‘n absurditeit daarstel wat nie deur die wetgewer bedoel kon gewees het nie. Die resultaat van die voormelde beslissings is nagevolg in ‘n beslissing van ‘n Volle Hof van hierdie Afdeling gelewer op 18 Augustus 2005 in appèl nr. A121/04, **TSHULO ALEX MOTAUNG v DIE STAAT** en word ook deur die respondent se advokaat aanvaar. Dit volg dat die vonnis van die 2de appellant op aanklagte 3 en 4 tersyde gestel moet word.

[7] Na my oordeel is ‘n vonnis van 3 (drie) jaar gevangenisstraf vir aanklagte 3 en 4 saamgeneem vir doeleindes van vonnis, gepas in al die omstandighede van hierdie saak.

Duidelikheidshalwe moet gemeld word dat die bevel dat die vonnis op aanklagte 3 en 4 ingevolge die bepalings van artikel 280 van die Strafproseswet samelopend uitgedien moet word met die vonnis op aanklag 1, bly staan.

[8] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Die 1ste appellant en die 3de appellant se skuldigbevindings en vonnisse op aanklagte 3 en 4, word tersyde gestel.

2. Die vonnis aan 2de appellant opgelê op aanklagte 3 en 4, word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 3 (drie) jaar gevangenisstraf ten opsigte van aanklagte 3 en 4 saamgeneem vir doeleindes van vonnis.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**S.P.B. HANCKE, R**

| | |
|---|---|
| Namens die 1ste en 2de appellant: | Adv. K. Pretorius<br>In opdrag van:<br>Regshulpraad<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. E.B. Ontong<br>In opdrag van:<br>DOV<br>BLOEMFONTEIN |

/sp